# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

Onder Redaksie van
J. M. H. VILJOEN

Uitgegee deur
Die Nasionale Pers, Beperk, Posbus 692, Kaapstad

DEEL XXVI, No. 1018 — 26 SEPTEMBER 1941 — AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## 'N GESLAAGDE EISTEDDFOD

DIE pas afgelope wedstryde van die Afrikaanse Eisteddfod, wat hul hoogtepunt bereik het met die mooi pryswinnerskonsert van verlede Vrydagaand, was ongetwyfeld in alle opsigte die bes geslaagde wat nog ooit gehou is. Daar is nie alleen 'n rekord-aantal inskrywings ontvang nie, maar die gehalte van die werk was feitlik deurgaans ook besonder bevredigend. Die afdeling voordrag was veral baie goed, met buitengewoon goeie werk in die dramatiese klasse. Ook wat die vokaal-afdeling betref, het die beoordelaars hulle baie tevrede met die werk verklaar. In die afdeling instrumentale musiek is daar wel nie die hoogtepunte van vorige jare bereik nie, maar die mededinging was deurgaans bevredigend, en veral in die junior klasse is daar werk gelewer wat 'n mens veel laat verwag van die jong kunstenaars.

Die komponiste het hulle ook vanjaar nie in groot getalle aangemeld nie, maar volgens die verslae van die beoordelaars was die werk wat ontvang is van 'n goeie gehalte. 'n Nuwe afdeling wat groot belangstelling gewek en op 'n gewone kompetisie-aand die stadsaal met 'n geesdriftige gehoor gevul het, was dié vir volkspeletjies.

Die geskille wat elders reeds aan die lig getree het oor die toelaatbaarheid of nie-toelaatbaarheid van sekere vorme van volkspeletjies het ook hier nie uitgebly nie; maar gelukkig het dit die genot van die groot en geesdriftige gehoor nie in die minste belemmer nie.

Vir die eerste keer het daar 'n skoolorkes meegeding, en die jong deelnemers het nie alleen uitbundige applous van die gehoor ingeoes nie, maar tewens hoë lof van die beoordelaar ontvang, wat blykbaar oortuig daarvan is dat die Kaapstadse orkes binne afsienbare tyd nie meer in die nood sal verkeer as daar skielik 'n vakature ontstaan nie!

Die Eisteddfod is andermaal flink ondersteun deur belangstellendes in die dorpe rondom Kaapstad. Een klein dorpie het nie minder as drie-en-twintig motors nodig gehad om sy kandidate te vervoer wat op 'n Saterdagoggend en -middag aan die wedstryde kom deelneem het nie. Dit is sulke pragtige belangstelling wat 'n mens laat besef dat die opoffering om so 'n groot onderneming te organiseer, darem nie tevergeefs is nie!

* * *

Wat ons in verband met al die wedstryde opgeval het, was die flink organisasie. Selfs waar honderde kinders op dieselfde aand opgetree het, het die een nommer gou op die ander gevolg, sodat dit vir die gehoor byna nooit nodig was om te wag nie. Daar moes dosyne sale gehuur word, en hoe dit moontlik was om alles so te reël dat beoordelaars, mededingers, begeleidsters en al die ander persone wie se dienste in verband met so 'n reeks wedstryde nodig is, altyd op die regte tyd en plek beskikbaar was, is bykans 'n raaisel. Die grootste deel van die organisasiewerk het op die skouers van die sekretaresse en haar bekwame kantoor-assistente geval, en hulle sowel as die ander lede van die bestuur verdien lof vir die bekwame wyse waarop die onderneming georganiseer is.

* * *

Alles het natuurlik nie die goedkeuring van al die belanghebbendes weggedra nie. As dit die geval was, sou dit egter 'n te volmaakte toestand gewees het! Die vernaamste kritiek — afgesien van gevalle waar daar persoonlike belange op die spel was en waaroor ons liewer nie wil uitwei nie — was teen die gebruik van Engelssprekende beoordelaars in die afdelings sang en instrumentale musiek. Ons het hierdie kritiek onder die aandag van die Bestuur gebring en ons is oortuig daarvan dat die ontevredenes die moeilikhede van die Bestuur sal insien en hul keuse sal billik as hulle hul net die moeite sou wil getroos om navraag te doen. Daar was buitendien 'n Afrikaanssprekende beoordelaar in die een afdeling beskikbaar, en die uitsprake is om die beurt in Afrikaans en in Engels gedoen. Die twee beoordelaars teen wie beswaar geopper is, behoort tot die bekwaamste en getrouste medewerkers van die Eisteddfod, en om van hulle ontslae te raak enkel omdat hulle tweetalig is en terwyl daar plaaslik in alle geval geen bekwamer beoordelaars beskikbaar is nie, sou nie alleen ondankbaar nie maar ook dwaas wees.

## Voortrekkerbeweging Tien Jaar Oud

DIE Voortrekkerbeweging herdenk aan die end van hierdie maand sy tienjarige bestaan. In 'n artikel van die hoofsekretaris, wat elders in hierdie nommer verskyn, word daar 'n saaklike uiteensetting gegee van die deeglike voorbereidingswerk wat die stigting van die Voortrekkerbeweging voorafgegaan het. Daar is met die grootste omsigtigheid opgetree en elke moontlike sy van die onderneming is oorweeg voordat die planne vaste vorm aangeneem het, want die klompie stigters het gevoel dat hulle nie net vir die teenwoordige moes bou nie, maar ook vir die toekoms.

Tereg het die eerste Hoofleier van die Voortrekkers, wyle dr. N. J. van der Merwe, by geleentheid van die inlywing van die eerste Voortrekkers verklaar dat die stigting van die Boy Scouts- en Girl Guides-beweging deur lord Baden-Powell een van die belangrikste opvoedkundige dade van ons tyd was. Vir die Afrikaanssprekendes was die stigting van hul eie jeugvereniging met al die geleenthede wat dit bied tot praktiese selfontwikkeling net so 'n belangrike opvoedkundige daad, en ons is oortuig daarvan dat as die organisasie voortgaan op die weg wat reeds ingeslaan is, hy in die toekoms 'n steeds belangriker rol in die lewe van die Afrikanervolk sal speel.

Ons het in die vorige nommer reeds gewys op die vername plek wat die beweging in ons land verwerf het deur sy diensvaardigheid en hoe hy hom reeds binne die geringe aantal jare van sy bestaan al op tal van gebiede onmisbaar gemaak het. Ons kan ons amper nie meer enige belangrike openbare funksie, soos byvoorbeeld die viering van Helde- of Kultuurdag — om maar twee voorbeelde te noem — voorstel sonder die teenwoordigheid van die seuns en dogters in hul netjiese grysgroen monderings nie. Maar waar dit al iets vanselfsprekends geword het om hulle te sien en van hul dienste gebruik te maak, bestaan daar die gevaar dat die dienste ook as vanselfsprekend aangeneem en nie meer behoorlik gewaardeer sal word nie. Daarom is dit nodig dat die openbare aandag by gepaste geleenthede op hierdie dienste gevestig sal word.

By hierdie mylpaal in die geskiedenis van die pragtige jeugbeweging dink ons met weemoed aan sy helaas te vroeg gestorwe hoofleier, wat soveel daarvoor beteken en in die moeilike beginjare op so 'n uiters bekwame wyse die nodige leiding gegee het. Ons wil ook ons waardering uitspreek teenoor die leiers vir die onbaatsugtige wyse waarop hulle hul tyd en kragte aan hierdie pragtige buiteskoolse opvoedkundige werk bestee. Ons hoop dat die tweede tien jaar van die Voortrekkers se bestaan 'n tydperk van nuwe bloei sal wees en dat die beweging aan die end daarvan veel sterker en 'n nog groter krag ten goede in die lewe van die Afrikanervolk sal wees.

## Letterkundige Lewe in Nederland

VAN drie Nederlandse skrywers word die dood vermeld: die beroemde digters Helène Swarth; Herman Middendorp, wat gedigte, romans, speurverhale en skoolboeke geskryf het; en dr. Aegidius W. Timmermans, die vriend van Kloos, wat die hele Nieuwe Gids-beweging meegemaak en sy ervarings saamgevat het in *Tim's Herinneringen*, 'n boek wat onmisbaar is vir diegene wat 'n studie maak van die Beweging van Tagtig.

* * *

A. den Doolaard (sinoniem vir B. Spoelstra) het onlangs uit Suid-Frankryk in Engeland aangekom.

* * *

Prof. dr. August Vermeijlen, die teoretikus van die Vlaamse Beweging, skrywer van die simboliese verhaal *De Wandelende Jood* en baie politieke, kunshistoriese, filosofiese en letterkundige opstelle, het ontslag geneem as hoogleraar in die skoonheidsleer aan die Universiteit van Gent. Vermeijlen was ook lid van die Senaat van België.

* * *

Die Van der Hoogt-prys, wat uitgereik word deur die Maatschappij der Nederlandsche Letteren, is verlede jaar, soos ons reeds vermeld het, toegeken aan Clara Eggink. Vanjaar is dit weer deur 'n vrou verower, nl. M. Vasalis, vir haar bundel gedigte *Fonteinen en Woestijnen.* M. Vasalis, wat deur S. Vestdijk ontdek is en haar eerste letterkundige werk in *Groot Nederland* geplaas het, is 'n geneeskundige van beroep. Haar eigenlike naam is dr. M. Drooglever Fortuijn, gebore Leenmans. Sy het 'n tyd gelede meer as 'n jaar op Montagu vertoef en onder andere 'n novelle met die lewe in die Karoo tot agtergrond geskryf.

* * *

Die Wijnaents Francken-prys is deur die Maatschappij der Nederlandsche Letteren toegeken aan S. Vestdijk vir sy studie oor Albert Verweij.

* * *

Die versamelde digwerk van J. Slauerhoff is van 'n inleiding voorsien deur H. Marsman. Die voorwoord van die prosawerk sou deur E. du Perron geskryf gewees het. In die tydskrif *Deze Week* skryf Max Nord: „Ik geloof dat thans de knappe essayist S. Vestdijk de enige is, die in de plaats van Du Perron het schrijven van zulk een inleiding op zich kan nemen. Bovendien heeft hij in den opstel dat in *Lier en Lancet* te vinden is, overtuigend aangetoond, dat hij voor deze taak wel berekend is."

## 'n Hugo Naudé-Gedenkteken

VOLGENS vriende wat hom intiem geken het, het wyle Hugo Naudé meermale die voorneme te kenne gegee om 'n verteenwoordigende versameling van sy werke aan die volk na te laat. Blykbaar het hy egter versuim om hierdie wens in sy testament vas te lê, met die gevolg dat sy skielike heengaan die uitvoering van sy plan verydel het. Nou het 'n aantal vriende en bewonderaars van die heengegane skilder besluit om ten minste 'n poging aan te wend om uitvoering te gee aan wat hy self beoog het. Hulle wil nl. sy woonhuis op Worcester, waar hy byna 'n halfeeu lank gewerk het, met die daarby behorende stuk grond aankoop, die vernaamste meubels — wat intussen verkoop is — weer byeenbring en tewens 'n versameling van die skilder se beste werk aankoop of leen en dit as permanente uitstalling in die huis plaas.

Ons glo dat almal wat Hugo Naudé se werk gewaardeer het hierdie plan sal toejuig en hul steun sal verleen vir die verwesenliking daarvan. Ons wil nie die waarde van monumente in brons of graniet verkleineer nie, want mits hierdie soort bestendiging van die nagedagtenis van een of ander nasionale figuur nie oordryf word nie, kan dit van onskatbare waarde wees om toekomstige geslagte te inspireer; maar ons voel nogtans dat 'n gedenkteken wat aan die geestelike behoeftes van die volk diensbaar gemaak kan word, in die meeste gevalle tog die voorkeur behoort te geniet. So 'n klein kunsmuseum sal nie alleen 'n mooi gedenkteken ter ere van die ontslape kunsskilder wees nie, maar dit sal tewens 'n sentrum wees wat vir die estetiese opvoeding van die omgewing van onskatbare waarde sal wees.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012